**Woensdag 4 Maart**
**Skrifgedeelte: Genesis 19:1-26**
**Fokusgedeelte: Genesis 19:16 (AFR83)**
**Soos uit die vuur geruk!**

Hierdie man Lot is jou werklikwaar soos brandhout uit die vuur geruk! Sy vrou sien nie die barmhartigheid in hierdie situasie raak nie en word 'n soutpilaar.

Die Here se barmhartighrid word so helder sigbaar in Lot se lewe. Lot kies telkens verkeerd. Sy fokus is telkens sy eie behoud, eie gerief en geluk en nie die wil van die Here nie. Die Here sou hom geen onreg aangedoen het as Hy vir Lot in Sodom se vuur en swael laat sterf het nie. Tog lees ons van Lot se uitredding en hoe hy en sy dogters die oordele en straf van die stad vryspring.

Die rede hiervoor is nie Job se groot geloof of dalk dié van sy dogters nie, maar slegs die groot barmhartigheid van 'n genadige God. Hy wóú vir Lot red (vs 16).

Geen rede word verder gegee as die eie wil van die Almagtige nie! En dit is juis waar ons ons dankbaarheid moet vind: Ons is en word alleen uit genade, sonder enige menslike verdienste, op grond van God se barmhartigheid gered en bewaar. Ons herken hierdie woorde uit ons Nagmaalsformulier. Ja, soos uit die vuur geruk! Christus het ons kom red net omdat God wou.

Die vraag is natuurlik of ons hierdie barmhartigheid van God in Christus raaksien. Of kyk ons dalk vas teen die aardse versoekings soos Lot se vrou? Gaan dink mooi na oor hierdie goddelike omgee en liefde en dank Hom met alles wat in jou is.

*Sing: Psalm 46-1:1, 2*

*Ds. M (Maarten) van Helden (Centurion)*